

3 November

Skrifgedeelte: Numeri 19:1-22

Fokusgedeelte: Numeri 19:20

Daadwerklike, doelbewuste nadenke oor ons sonde

Destyds is iemand wat aan 'n lyk geraak het, as onrein beskou. Numeri 19 beskryf hoedat die HERE 'n manier daargestel het om hierdie onreinheid te bowe te kom. Reinigingswater moes berei word met die as van 'n verbrande rooi koei, en dan moes die onreine hom op spesifiek voorgeskrewe maniere ontsondig. As hy hom nie ontsondig nie, moes hy uitgeroei word, want die heiligdom van die Here is deur hom verontreinig. Die reinigingsproses moes dus daadwerklik en noukeurig gedoen word.

Hebreërs 9:13, 14 vergelyk die *as van die rooi koei* met die *bloed van Jesus Christus*. Om *met die sonde besoedel* te word, is om ook *met die dood* in aanraking te kom (1 Kor 15:56). Ons is onrein voor God. Ons moet "uitgeroei" word, of ons moet ontsondig word ... Hebreërs 9:26 sê Christus het "een maal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer weg te neem".

Die sondaar moet ontsondig word met die "reinigingswater", die bloed van Jesus Christus: die sondaar moet deur die geloof deel kry aan die versoeningsbloed van Christus. Verder word van die sondaar 'n hartlike berou oor sy sonde gevra, maar ook 'n grondige bekering. Die Here sê in Psalm 51:19: Hy sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie.

Die vraag kan in ons tyd met reg gevra word: Beskou ons die doen van sonde nog as die "in aanraking kom" met die dood? Aanvaar ons nie te maklik dat Jesus se offer maar net gereed staan om my sondes weg te neem, met die gevolg dat ek maar redelik hand om die lyf met Satan en die sonde kan leef nie! Hebreërs 10:26 sê "as ons opsetlik bly sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, is daar geen offer meer vir ons sondes nie ..."

Die Ou-Testamentiese volk moes doelbewus, daadwerklik reinigingswater maak, en hulle op voorgeskrewe maniere reinig. Die Here vra van ons ook 'n daadwerklike, doelbewuste nadink oor ons sonde, opregte berou, en grondige bekering. Ons moet hart en siel breek met die sonde, en strewe na 'n lewe tot eer van die Here. Laat die Heilige Gees jou bystaan in hierdie proses. Bid Hom om sy leiding. En vlug vir die sonde!

Sing: Psalm 9:7, 8, 9 (1936-beryming)

Ds AB van der Walt (Christiana/Bloemhof)